# TELEMATIESE SKOLE PROJEK

# 2023 VAKWERKBOEK
# Graad 10

# AFRIKAANS HUISTAAL

'n Gemeenskaplike inisiatief tussen die Wes-Kaap Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.

Western Cape Government
FOR YOU
Education

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## UITSENDINGSESSIES EN INLEIDING

**GRAAD 10**

Leesbegrip
Kritiese taalbewustheid
Die opstelvraag oor 'n gedig

| Sessie | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| **1** | **26 Julie 2023** | **15h00-16h00** | **Leesbegrip** |
| 2 | 6 November 2023 | 15h00-16h00 | **Taalstrukture en -konvensies** |
| **3** | **7 November 2023** | **15h00-16h00** | **Die opstelvraag oor 'n gedig** |

**INLEIDING**

Hierdie materiaal handel oor Leesbegrip, Taalstrukture en –konvensies en die opstelvraag oor 'n gedig.

Leesbegrip word in Afdeling A (Vraag 1) van Vraestel 1 getoets. Vrae word oor 'n prosateks ('n artikel) sowel as oor 'n visuele teks ('n spotprent of 'n grafiek) gestel.

Taalstrukture en –konvensies word in Afdeling C van Vraestel 1 getoets. Die aspekte wat onder taalstrukture en –konvensies resorteer, is egter noodsaaklik in al die ander vraestelle wat jy gaan skryf; ook in al jou ander vakke.


Gedigte word in Vraestel 2 getoets. In die eksamen sal jy die keuse hê om 'n opstelvraag te skryf oor een van die gedigte wat julle behandel het. As jy alreeds in graad 10 oefen om so 'n opstelvraag te skryf, sal jy baie goed vaar in graad 11 en graad 12.

## LES 1: LEESBEGRIP (TERMINOLOGIE)

| Term | Definisie |
|---|---|
| **Soeklees** | As jy soeklees, beweeg jou oë vinnig oor 'n teks op soek na spesifieke inligting. Sodoende kan jy feite, datums en name vinnig in die teks opspoor sonder om die teks te probeer lees of die res van teks te verstaan. |
| Vluglees | As jy vluglees, lees jy oorsigtelik. Die doel is om breedweg vas te stel waaroor die teks handel. |
| **Die verbale deel van 'n spotprent** | **Die woorde in die spotprent** |
| Verband | Ooreenkomste of verskille tussen dele van 'n teks of tussen twee afsonderlike tekste |
| **Mening** | **'n Standpunt/ stelling wat nie deur navorsing bewys is nie; dit is bloot iemand se opinie** |
| Feit | 'n Standpunt/ stelling wat deur navorsing bewys is; statistiek kom voor |
| **Opeenvolgende woorde** | **Woorde wat in 'n sin direk na mekaar volg** |
| Die visuele deel van 'n spotprent | Die prente, tekeninge, lyne, liggaamstaal en gesigsuitdrukkings in 'n spotprent |
| **Geloofwaardig** | **Dit kan geglo word (werd om geglo te word)** |
| Herlees | Lees 'n paragraaf/ paragrawe of 'n sin/ sinne weer. |
| **Geïmpliseerde boodskap** | **Die boodskap wat eintlik bedoel word, maar wat nie direk in woorde gesê word nie; die leser moet dit uit die teks aflei.** |
| Motiveer | Gee 'n rede/ redes vir jou standpunt. Jy moet eers jou standpunt stel en daarna 'n rede/ redes gee. Die motivering moet by jou standpunt pas. |

## Hoe om die woordteks (Teks A) te lees

Daar is 6 stappe wat jy moet volg wanneer jy die woordteks lees. Die ses stappe is:




**Stap 1:** **Soeklees** die teks op soek na spesifieke inligting en vulglees dit om 'n breë oorsig oor die inhoud te kry.
Let op na die volgende:
- die titel/opskrif en sub-opskrif
- die inleidingsparagraaf (dit skep soms die agtergrond vir die teks se inhoud)
- die eerste sin van elke daaropvolgende paragraaf
- die slotparagraaf (dit som dikwels die hoofidee/ kernboodskap van die teks op)

**Stap 2:** **Vluglees** die **vrae**.
Let op na die volgende:
- wie-, wat-, waar-, wanneer- en hoekom-inligting
- instruksiewoorde
- kernbegrippe

**Stap 3:** Lees daarna **elke paragraaf** afsonderlik deur.
**Skryf** elke keer in die **kantlyn** neer hoe dié paragraaf by die titel aansluit.

**Stap 4:** Omkring **moeilike/vreemde woorde**.
Probeer die **betekenis aflei** deur die voorafgaande en die daaropvolgende sinne weer te lees.

**Stap 5:** **Lees die vrae** deur en ondersteep die **sleutelwoorde**.

**Stap 6:** **Onderstreep** die **antwoorde** in jou leesstuk en **nommer** dit dieselfde as jou vrae.

## Hoe om die visuele teks (TEKS B) te "lees"




**STAP 1: BESTUDEER AL DIE DETAIL IN DIE VISUELE TEKS:**

- Wat is die inhoud van die visuele teks?
- indien daar mense in die teks voorkom, wat doen hulle/wat is hulle funksie/waar bevind die mense hulle?
- Bestudeer die mense se gesigsuitdrukkings en liggaamstaal
- Watter gebare maak die mense in die visuele teks?
- Kan jy enige afleiding maak t.o.v. die gebruik van ligte en donker kleure in die teks?
- Die posisie van elke aspek in die visuele teks: wat vertoon die prominentste /wat is in die middel van die visuele teks en waarom is dit daar geplaas?
- Let op na die afwisseling in lettertipes en –grootte

**STAP 2: LEES DIE BEWOORDING VAN DIE VISUELE TEKS EN PROBEER OM VERBANDE TUSSEN DIE VISUELE TEKS EN DIE WOORDTEKS TE LÊ.**

Skenk veral aandag aan die volgende aspekte:

- lees die woorde in die opskrif/ eerste reël van die visuele teks en bring dit in verband met alle ander woorde wat in die visuele teks gebruik is. Wat is die betekenis en boodskap van hierdie woorde?
- Probeer om verbande tussen die visuele teks se woorde en begrippe/paragrawe/hoofgedagtes in Teks A te lê.
- Stel vas watter woorde in Teks A die grafika in die visuele teks(Teks B) ondersteun.

**STAP 3: LEES DIE VRAE VAN DIE VISUELE TEKS EN BEANTWOORD DIT.**

Vrae oor die visuele teks kan oor enige van die volgende aspekte handel:

- die taalgebruik (bv. woordkeuse)
- die grafika (prente en beelde)
- oorredingstegnieke: oorredingstaal, gevoelstaal en manipulerende taal en partydigheid
- tipografie, lettertipes en –grootte
- vetdruk en skuinsdruk
- leestekens (bv. uitroepteken)
- direkte en geïmpliseerde betekenis
- die verband tussen die visuele teks en die woordteks

## Vaardighede om leesbegripvrae te beantwoord

| Identifiseer direkte inligting | Dui verbande aan | Maak afleidings | Herorganiseer | Gee jou eie opinie |
|---|---|---|---|---|
| Wie-, wat- en waar-inligting | Die ooreenkomste of verskille tussen dele van die teks | Vorm opinies op grond van die inligting in die teks | Weergee inligting in die teks op jou eie manier | Neem standpunt in en motiveer dit |
| Inligting soos dit direk in die teks genoem word | Oorsaak en gevolg | Verbind inligting in die teks met jou eie kennis | | Die motivering moet by die standpunt pas |

**Voorbeeldvrae oor die vaardighede:**

| | | |
|---|---|---|
| **Direkte inligting:** | *Wat sal die nuwe naam van die Appeltrein wees?* | (1) |
| Dui **verbande** aan: | *Watter ooreenkoms is daar tusen Teks B en paragraaf 2 van Teks A?* | (1) |
| Maak **afleidings**: | *Waarom word die man wat in Teks B (die spotprent) staan, op die voorgrond geplaas?* | (1) |
| **Herorganiseer**: | *Wat, dink jy, sal in 'n verhouding gebeur indien daar nie 'n realistiese beeld van die maat is nie?* | (1) |
| Eie **opinie:** | *Dink jy dit is reg dat die trein se naam verander is? Motiveer jou antwoord.* | (1) |

## Woordeskat in leesbegripvrae

- Om ’n leesbegripvraag te kan beantwoord, moet jy die vraag verstaan: Daar is verskillende vraagwoorde wat op ’n spesifieke manier beantwoord moet word.
- Hier volg ’n lys van vraagwoorde en watter soort antwoord by elkeen pas.

| Vraagwoord | Hoe om die vraag te beantwoord |
|---|---|
| Wat bedoel sy as sy/hy ... sê ...?<br>Wat word bedoel met die volgende stelling ...? | Gee ’n beskrywing / interpretasie |
| Wat dink jy … ? Motiveer | Gee jou eie mening / opinie en motiveer (Die punt word vir die motivering toegeken). |
| Hoe weet jy dat ...? | Bewys uit die teks, maar in jou eie woorde, tensy daar vir ‘n aanhaling gevra word. |
| Gee die verskil/ hoe verskil sy mening van die skrywer s’n | Noem elke keer 2 dinge: die een is so, terwyl die ander ... |
| Waarom is dit ironies/Wat is ironies aan ...? | Noem twee dinge: wat jy verwag, teenoor dit wat eintlik plaasvind / gesê word.... |
| Is die woorde/stelling ’n feit of ’n mening? Motiveer. | Kies een en motiveer. Die motivering verdien die punt. **Onthou dis slegs ‘n feit** as dit op navorsing/ direkte getuienis van gebeure gebaseer is. |
| Hoekom is die stelling/ optrede geloofwaardig? | geloofwaardig = kan geglo word. Gee bewyse uit die teks, bv. statistiek, die kundigheid van die persoon wat die stelling maak. |
| Beoordeel / evalueer | Gee ’n idee van die waarde – sê of dit goed/ sleg/ negatief/ positief/ onsuksesvol is en **gee bewyse**. |
| Wat word gesuggereer/geïmpliseer deur ...? | Wat kan jy aflei wat nie direk gesê word nie**? LET OP DAT JY HIER NIE DIE DIREKTE WOORDE UIT DIE TEKS MOET GEBRUIK WORD, WANT DAN IS DIT NIE MEER GEÏMPLISEERD NIE.** |

## Oefening

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: Artikel**

**Rooibos, Natuurlik!**

1. Wie sê pampoen gee jou krulhare? Daardie eer kom rooibos toe!

2. Sy ma het aan die krag daarvan geglo, juig Johan van Wyk die heilsaamhede van rooibostee toe in sy rubriek op Netwerk24.

3. "Ek vat al jare, op my nugter maag, nie 'n nuwe dag aan met koffie nie, maar met rooibostee. Sterk en swart met 'n titseltjie heuning en 'n skyfie suurlemoen."

4. Rooibos word net op 'n klein kolletjie van die aardbol gevind, "rondom Clanwilliam en van daar tot diep in die Sandveld en Bokkeveld by Nieuwoudtville".

5. Van Wyk, die plaasbestuurder van Groenkol rooibosboerdery, sê: "Ouens het dit al in ander dele van die land (en wêreld) aan die groei probeer kry – sonder sukses." <u>Dis eintlik verstommend dat die dorre sandveld tussen die sandsteenkoppe iets so terapeuties kan oplewer</u>.

6. Die geskiedenis van rooibos gaan baie jare terug. Tryntjie Swarts, 'n Khoisanvrou, het die rooibosplant in die 1920's in 'n miernes ontdek. Die Khoisan het 'n verfrissende drankie van rooibos gemaak. Die blare is met byle geoes, met hamers gekneus, gelos om te gis en in die son gedroog.

7. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was tee skaars en rooibostee het 'n staatmaker in baie Suid-Afrikaanse kombuise geword.

8. Die plaaslike mark is steeds die grootste enkele verbruiker van rooibos, met sowat 50% van verkope wat hier plaasvind. In Duitsland, Japan, Nederland en Engeland, die voorste vier lande waarna rooibostee uitgevoer word, kry jy egter die produk sonder sukkel op die winkelrakke. Dis veral 'n treffer in Japan. As een van die wêreld se grootste teedrink-nasies met meer as 26 teesoorte om uit te kies, wil dit gedoen wees. Uitvoer na dié land het die afgelope vyf jaar meer as verdriedubbel.

9. Me Annique Theron se maatskappy, Forever Young, het in 1993 die naam "Rooibos" as 'n handelsnaam in Amerika geregistreer. Niemand het aanvanklik daarvan geweet nie. Later het die Rooibosraad besluit om hul logo asook die skryfstyl van die naam te laat registreer.

10. Die uitvoer van rooibostee na Amerika is in 2002 bemoeilik vanweë die registrasie van die woord "rooibos" as 'n handelsmerk daar. Die VSA het aangevoer dat die handelsnaam hulle eiendom is. Die debakel rondom die registrasie van die handelsnaam het uiteindelik in 'n uitgerekte hofsaak ontaard.

11. Waar rooibostee eers die etiket van armmansdrankie moes dra, gebruik Hollywood se blinkes soos Catherine Zeta-Jones en Angelina Jolie dit nou vir hul mooiwees en goedvoel.

## Oefening (vervolg)

12. In 2014 het die Suid-Afrikaanse regering die Khoi-San-gemeenskappe amptelik erken as die eienaars van die inheemse kennis oor rooibos, 'n struik waarvan onder meer rooibostee en verskeie skoonheidsmiddels gemaak word.
13. Dié "rooi goud" is reeds die afgelope twintig jaar 'n sterbestanddeel van die velsorgreeks African Extracts Rooibos Classic. Die Kaapse entrepreneur, Rob Tiffin, het die velsorgreeks African Extracts, wat hoofsaaklik op die uitvoermark gemik is, in 2002 begin.
14. "Navorsing toon dat rooibos goeie velgesondheid ondersteun omdat dit inflammasie in die vel teenwerk," verduidelik Jeanine Marnewick, professor in biochemie aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie.
15. Die roosbosbedryf het in 2019 ooreengekom om 1.5% van sy jaarlikse inkomste aan die Khoi- en San-gemeenskappe te betaal. Die eerste betaling van R12.2m is in Julie 2022 gemaak. Die geld sal vir die opheffing van die gemeenskappe gebruik word.

[Verwerk uit: ***Sarie***, April 2020, ***Netwerk24***, 13 Julie 2022]

**EN**

**TEKS B: SPOTPRENT**




[Uit: ***Landbouweekblad***, 30 Augustus 2002]

**MONDELINGE VRAE OOR TEKS A:**

**Kyk of jy al die vrae binne 5 minute kan beantwoord.**

**SOEKLEESVRAE**

1. Hoe weet die leser dat die opskrif positief oor rooibostee is?
2. Voltooi: Rooibostee gee 'n mens ...
3. Watter paragraaf handel oor die ontdekking van die rooibosplant?

**VLUGLEESVRAE**

1. Deur watter bevolkingsgroep is die rooibosplant ontdek?
2. Uit hoeveel teesoorte kan die inwoners van Japan kies?
3. Hoeveel geld het die rooibosbedryf in 2022 aan die Khoi- en San-gemeenskappe betaal?

## Oefening (vervolg)

**VRAE OOR TEKS A:**

1. Paragraaf 1 verwys.
1.1 Watter twee dinge word in paragraaf 1 teenoor mekaar gestel? (2)
1.2 Watter wanopvatting word in paragraaf 1 aangespreek? (1)
2. Wat word in paragraaf 2 bedoel met "die heilsaamhede van rooibostee"? (1)
3. Waarom kan 'n mens sê dat Van Wyk se optrede die teenoorgestelde is as die algemene optrede van die samelewing? (2)
4. Watter afleiding kan 'n mens oor rooibostee maak as dit volgens paragraaf 4 net op 'n klein kolletjie op die aarde gevind word? (1)
5. Wat is die naam van die persoon wat die rooibosplant ontdek het? (1)
6. Watter drie prosesse het die Khoisanmense ná die oes met die blare van die rooibosplant uitgevoer om hul drankie voor te berei? (3)
7. Waarom was rooibostee 'n staatmaker tydens die Tweede Wêreldoorlog? (1)
8. Verduidelik waarom dit 'n prestasie is dat so baie Japannese rooibostee drink? (2)
9. Skryf DRIE opeenvolgende woorde uit paragraaf 11 neer wat min of meer dieselfde beteken as "glanspersoonlikhede". (1)
10. Verduidelik die verband tussen paragraaf 11 en die onderstreepte sin in paragraaf 5. (2)
11. Wat is die geïmpliseerde boodskap van die woorde "onder meer" in paragraaf 12? (1)
12. Waarom gaan die rooibosbedryf 1.5% van hul inkomste aan die Khoi- en San-mense betaal? (1)
13. Herlees paragraaf 13 en 15. Verduidelik dan waarom dit gepas is om rooibostee "rooi goud" te noem. (2)
14. Verduidelik die moontlike verband tussen paragraaf 11, paragraaf 12 en paragraaf 13. (2)
15. Herlees paragraaf 10 en paragraaf 13. Dink jy die maatskappy African Extracts sou in sy ontstaansjaar probleme met uitvoere na Amerika ondervind het? Motiveer jou antwoord. (1)
16. Verduidelik waarom Jeanine Marnewick se standpunt in paragraaf 14 'n feit is. (1)

**VRAE OOR TEKS B:**

17. Noem EEN visuele bewys dat die vrou geskok is. (1)
18. Die woorde "ROOIBOS TEE PRODUK VAN DIE RSA" verskyn op die teepot. Watter ander visuele bewys is daar dat rooibostee 'n Suid-Afrikaanse produk is? (1)
19. Watter emosie word deur die uitdrukking "maak my die bossies in" oorgedra? (1)

**VRAAG OOR TEKS A EN TEKS B:**

20. Watter land uiter die woorde "LOS! ÉK WIL DAAI HÊ" in TEKS B? Motiveer jou antwoord deur na paragraaf 10 van TEKS A te verwys. (2)

**[30]**

# Antwoorde

**Mondelinge vrae oor Teks A:**

**Soekleesvrae**
1. Daar is 'n uitroepteken aan die einde van die opskrif
2. krulhare
3. paragraaf 6

**Vlugleesvrae**
1. Die Khoi-San
2. 26 teesoorte
3. R12.2 miljoen

**Vrae oor Teks A, Teks B en Teks A en B:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | pampoen; rooibos | (2) |
| 1.2 | Pampoene gee krulhare | (1) |
| 2. | die goeie eienskappe/ gesondheidswaarde van rooibostee | (1) |
| 3. | Van Wyk drink tee sodra hy opgestaan het, terwyl die meeste mense koffie drink. | (2) |
| 4. | Rooibostee is uniek/ eiesoortig/ enig/spesiaal/ buitengewoon/ weergaloos | (1) |
| 5. | Tryntjie Swarts | (1) |
| 6. | met hamers gekneus; gelos om te gis; in die son gedroog | (3) |
| 7. | Tee was skaars | (1) |
| 8. | In Japan is daar 26 teesoorte waaruit die bevolking kan kies, daarom is dit 'n prestasie dat hulle rooibostee kies wat ingevoer is. | (2) |
| 9. | "Hollywood se blinkes" | (1) |
| 10. | In paragraaf 11 word genoem dat die aktrises rooibos gebruik om goed te voel. Dit sluit aan by die stelling in paragraaf 5 dat rooibos "terapeuties" is. | (2) |
| 11. | Meer as net rooibostee en skoonheidsmiddels kan van die struik gemaak word. | (1) |
| 12. | Die rooibosraad het 'n ooreenkoms met die Khoi-San gemeenskappe aangegaan./ Die Khoi-San is die eienaars van die inheemse kennis oor rooibostee. (*Enige een*) | (1) |
| 13. | Mense maak baie geld uit rooibostee. | (1) |
| 14. | Dit is moontlik dat die aktrises die velsorgprodukte wat uit rooibos gemaak is, gebruik om mooi te wees. | (2) |
| 15. | Nee. African Extracts gebruik nie die woord "rooibos" in hul naam nie. | (1) |
| 16. | Dit is op navorsing gebaseer./ daar is navorsing gedoen. | (1) |
| 17. | Haar mond hang oop/ haar oë is wyd oopgerek/ Daar is strepies bokant haar kop | (1) |
| 18. | Daar is 'n Suid-Afrikaanse landsvlag op die vrou se bors. | (1) |
| 19. | woede | (1) |
| 20. | Amerika/ die VSA. In paragraaf 10 staan dat die VSA beweer die handelsnaam rooibostee behoort aan hulle. | (2) |
| | | **[30]** |

# LES 2: Taalstrukture en -konvensies

**Inleiding:**

Taalstrukture en –konvensies handel oor die klanke, woorde en sinne van Afrikaans.

Jy leer van die soorte klanke, hoe klanke uitgespreek kan word en hoe klanke verdeel kan word.

Wat woorde betref, leer jy hoe nuwe woorde ontstaan en gevorm word, uit watter dele woorde bestaan, hoe woorde gespel moet word, die betekenis van woorde en hoe woorde met verskillende bedoelinge gebruik kan word.

In die afdeling oor sinne leer jy oor:
- die funksie van woorde in sinne
- die soorte sinne
- hoe sinne uitgebrei of verkort kan word
- hoe sinne op verskeie ander maniere herskryf kan word

Hierdie les handel slegs oor die soorte sinne en hoe sinne uitgebrei kan word.

**LEERWERK OOR SINSLEER**

Maak seker dat jy die onderstaande inligting oor Sinsleer deeglik verstaan sodat jy dit in jou skryfwerk kan toepas en in 'n eksamen vrae daaroor kan beantwoord.

**Soorte sinne op grond van funksie:**

- ❑ 'n Stelsin: 'n Stelling word gemaak, bv. *Hulle geniet die nuwe werk.*
- ❑ 'n Bevelsin: Dit bevat 'n bevel of 'n versoek, bv. *Hou nou op gesels!*
- ❑ 'n Vraagsin: 'n Vraag word gevra, bv. *Wie het die doel aangeteken?*
- ❑ 'n Uitroepsin: Dit bevat 'n uitroep, bv. *Aitsa! Jy dans darem lekker. of Aitsa, jy dans darem lekker!*

**Oefening**

1. *Kenners is dit eens dat ons natuurlike hulpbronne uitgeput raak*.

1.1 Kies die korrekte antwoord:
Bostaande sin is 'n voorbeeld van 'n (bevelsin/ stelsin/ uitroepsin). (1)

1.2 Skryf die sin oor as 'n vraagsin sonder om enige woorde by te voeg. (1)

2. Watter soort sin is die onderstaande sin?
*Gaan maak 'n draai by die Old Biscuit Mill en probeer een van hulle heerlike roomyse.* (1)

3. *Jy kan agteroor sit met 'n lekker opfrissertjie*.
Herskryf die bostaande sin as 'n bevelsin. (1)

4. Kies die korrekte woord tussen hakies om die onderstaande uitroepsin te voltooi:
*(Ai!/ Aitsa!/ Foeitog!/Ditsem!), sy het haar vinger beseer.* (1)

## Leerwerk oor Sinsleer

**Soorte sinne op grond van bou/ struktuur:**

❑ **'n Enkelvoudige sin**

- Dit bestaan uit 'n **onderwerp**, 'n **voorwerp** en een **gesegde**
- Dit kan deur middel van **bepalings uitgebrei** word.
- Voorbeeld: *Die hond* (onderwerp) *lek* (gesegde) *sy poot* (voorwerp).

> **'n Kort verduideliking van die begrippe**
> Voorbeeldsin: *Vyf ooie het die lammertjie beskerm*.
>
> - **Gesegde:** die **handeling** in 'n sin
>   In bostaande sin is die gesegde ***het beskerm***
> - **Onderwep**: die deel van 'n sin wat aandui **wie** die handeling **uitvoer**.
>   In bostaande sin is die onderwerp **Vyf ooie**
> - **Voorwerp:** die deel van 'n sin wat aandui **wie** die handeling **ondergaan**.
>   In bostaande sin is die onderwerp **die lammertjie**

❑ 'n **Saamgestelde sin** bestaan uit **een hoofsin** plus 'n **bysin/ bysinne**.

- Voorbeeld: *Die hond lek sy poot* (hoofsin) *wat beseer is* (bysin).

❑ 'n **Veelvoudige sin** bestaan uit **twee of meer hoofsinne**.

- Die hoofsinne word deur middel van voegwoorde of leestekens aan mekaar verbind.
- Voorbeeld: *Die hond lek sy poot* (hoofsin), *terwyl* (voegwoord) *die kat hom van ver af beloer* (hoofsin).

> **'n Kort verduideliking van die begrippe**
>
> - **Hoofsin:** 'n groep woorde in 'n sin , waaronder 'n werkwoord voorkom, wat die belangrikste boodskap van die sin oordra
> - **Bysin:** 'n groep woorde in 'n sin, waaronder 'n werkwoord voorkom, wat meer inligting oor die onderwerp, voorwerp of gesegde verskaf

**Oefening**:

Dui vir elkeen van die onderstaande sinne aan of dit 'n enkelvoudige sin, 'n saamgestelde sin of 'n veelvoudige sin is:

1. Mense wat gewoonlik hul dag by die werk spandeer het, moes by die huis bly. (1)
2. Die jongetjies boer op TikTok en die oues kyk sepies op TV. (1)
3. Min mense sal goggakos eet. (1)
4. Hy vertel hoe hy onder die brug beland het. (1)
5. CapeNature het besluit dat besoekers voortaan nie meer brandhout mag inbring nie omdat dit tot besmetting kan lei. (1)

**Antwoorde van oefening:**

1. Saamgestelde sin
2. Veelvoudige sin
3. Enkelvoudige sin
4. Saamgestelde sin
5. Veelvoudige sin

**Die uitbreiding van enkelvoudige sinne**

As jy jou skryfwerk wil verbeter, help dit om te weet hoe om beskrywende woorde by te voeg; woorde wat die sinne uitbrei (langer te maak). I.p.v. net te skryf "*die man*" kan jy skryf "*die lenige man met die welige snor*". Jy kan ook die tyd, manier en plek van gebeure aandui. Die sin *"Sy het die leeu probeer keer."* kan met die byvoeging van beskrywende woorde só geskryf word: *Verlede nag het sy die stormwater met haar kaal hande probeer keer.*

Enkelvoudige sinne kan uitgebrei (langer gemaak) word deur 'n woord/ 'n groep woorde by te voeg wat meer inligting bied oor die onderwerp, die voorwerp of die gesegde.Hierdie woorde wat bygevoeg word, word **bepalings** genoem. Onthou net dat **bepalings** nie 'n werkwoord mag bevat nie.

Onthou jy nog die voorbeeldsin wat ons vroeër gebruik het? Die sin is:

*Vyf ooie het die lammertjie beskerm*.

Hierdie sin kan uitgebrei word deur 'n bepaling by die onderwerp te voeg:

*Vyf ooie met swart koppe het die lammertjie beskerm.*

… of deur 'n bepaling by die gesegde te voeg:

*Vyf ooie het die lammertjie deur die koue nag beskerm*.

… of deur 'n bepaling by die voorwerp te voeg:

*Vyf ooie het die sieklike lammertjie beskerm*.

Daar is twee soorte bepalings:

- ❑ **Byvoeglike bepalings** brei die onderwerp of die voorwerp uit.

  Voorbeelde:
  - *Vyf ooie* (=onderwerp) *met swart koppe* (= byvoeglike bepaling) *het die lammertjie beskerm.*
  - *Vyf ooie het die sieklike* (byvoeglike bepaling*) lammertjie* (= voorwerp*) beskerm*.
- ❑ **Bywoordelike bepalings** brei die gesegde van 'n sin uit.

  Voorbeelde:
  - *Vyf ooie het die lammertjie gedurende die koue nag* (= bywoordelike bepaling*) beskerm*.
  - *Vyf ooie het die lammertjie in die veld* (= bywoordelike bepaling*) beskerm*.
  - *Vyf ooie het die lammertjie met hulle dik wol* (= bywoordelike bepaling*) beskerm.*

## Leerwerk oor Sinsleer

**Die uitbreiding van veelvoudige sinne:**
Veelvoudige sinne kan uitgebrei word deur nog hoofsinne by te voeg. Die hoofsinne word aan mekaar gevoeg deur voegwoorde te gebruik.
Voorbeeld:
Die sin *Die jongetjies boer op TikTok, maar die oues kyk sepies op TV* kan só uitgebrei word:
*Die jongetjies boer op TikTok en die oues kyk sepies op TV, terwyl (voegwoord) dit buite woel en werskaf.*
Hierdie veelvoudige sin bestaan nou uit drie hoofsinne wat bymekaar gevoeg is:
*Die jongetjies boer op TikTok + Die oues kyk sepies op TV + Buite woel en werskaf dit.*

**Die uitbreiding van saamgestelde sinne:**
Saamgestelde sinne kan uitgebrei word deur bysinne by te voeg. ‘n Bysin is ‘n groep woorde (waarin ‘n gesegde voorkom), wat die onderwerp, voorwerp of gesegde van die hoofsiin uitbrei.

**Soorte bysinne:**

| Soort bysin | Verduideliking | Voorbeeld |
|---|---|---|
| **Byvoeglike bysin** | ’n Groep woorde wat ‘n gesegde bevat, wat die onderwerp of die voorwerp van die hoofsin uitbrei | Die man wat daar loop, is my oom.<br>**Wenk**: As jy gevra word om ’n sin met ’n byvoeglike bysin uit te brei, begin met die woord “wat” onmiddellik na die onderwerp of voorwerp. |
| **Bywoordelike bysin** | ’n Groep woorde wat ‘n gesegde bevat, wat die gesegde van die hoofsin uitbrei. Hierdie bysinne dui tyd, plek, rede en manier aan. | Die seun eet appels terwyl die son skyn. (wanneer)<br>Die seun eet appels waar niemand hom sien nie. (waar).<br>Die seun eet appels omdat hy daarvan hou. (waarom) |
| **Gesegdesin** | As die hoofsin se gesegde 'n koppelwerkwoord is, is die bysin 'n gesegdesin | Dit lyk (= hoofsin) of hy die skelm is (= gesegdesin). Die woord lyk is ‘n koppelww. |
| **Onderwerpsin** | Dit is 'n bysin wat in sy geheel as onderwerp van die hoofsin optree. | Wat jy doen, is nie altyd reg nie.<br>Dat ek met Afrikaans kan sukkel, is onmoontlik.<br>(Hoofsin = Dit is onmoontlik Onderwerpsin = dat ek met Afrikaans kan sukkel) |
| **Voorwerpsin** | Dit is 'n bysin wat in sy geheel as voorwerp van die hoofsin optree. | Hy dink hy sal slaag.<br>Sy vra hoe laat hulle kom.<br>(Sy vra = hoofsin; hoe laat hulle kom = voorwerpsin.) |

## Oefening: Uitbreiding van sinne

1. Brei elk van die onderstaande sinne uit met ’n byvoeglike bepaling by die onderwerp:
a) Die dames snoei die wingerd. (1)
b) Hulle kinders speel sokker. (1)
2. Brei elk van die onderstaande sinne uit met ‘n bywoordelike bepaling:
a) Die dames snoei die wingerd. (1)
b) Gourmet Grubb vervaardig hierdie produk. (1)
c) Kan kinders sulke dinge aanvang? (1)
3. Benoem die onderstreepte bysinne in die onderstaande sinne:
a) Kenners meen <u>dat ons natuurlike hulpbronne uitgeput raak</u>. (1)
b) Ek is geseën met 'n wederhelf <u>wat nie ronde handjies het nie.</u> (1)
c) Jy kan Netflix kyk <u>net wanneer jy wil</u>. (1)
d) <u>Wat uiteindelik met DSTV gaan gebeur</u>, is nog onseker. (1)
e) Dit blyk <u>dat die wetenskaplikes ‘n groot ontdekking gemaak het</u>. (1)

**Antwoorde van oefening oor sinsuitbreiding:**

1.
a) Die <u>ywerige</u> dames/ Die dames <u>met die hoede</u> snoei die wingerd.
b) Hulle <u>stout/ energieke</u> kinders OF Hulle kinders <u>met die groen truie</u> speel sokker.
2.
a) Die dames snoei die wingers <u>in die warm namiddag/</u> Die dames snoei die wingerd <u>teen die berghang.</u> / Die dames snoei die wingerd <u>met groot moeite</u>.
b) Gourmet Grubb vervaardig hierdie produk <u>in hulle nuwe fabriek</u>. / Gourmet Grubb vervaardig hierdie produk <u>met nuwe ywer</u>. / Gourmet Grubb vervaardig hierdie produk l<u>ank</u> <u>voor hulle opponente</u>.
c) Kan kinders <u>deesdae</u> sulke dinge aanvang?/ Kan kinders sulke dinge <u>by die skool</u> aanvang?/ Kan kinders sulke dinge <u>met opset</u> aanvang?
3.
a) Voorwerpsin
b) Byvoeglike bysin
c) Bywoordelike bysin (van tyd)
d) Onderwerpsin
e) Gesegdesin

## LES 3: Die opstelvraag oor 'n gedig

**Inleiding**:

In die vorige grade het jy alreeds gedigte behandel. Jy het egter slegs kontekstuele vrae oor die gedigte beantwoord.

Vanaf graad 10 moet jy ook 'n opstelvraag oor 'n gedig kan beantwoord.

Hierdie les wil jou help om 'n opstelvraag oor die gedig ***27 April 1994*** (deur Vincent Oliphant) te ontleed, beplan en te skryf.

### 27 april 1994 (deur Vincent Oliphant)

1. uiteindelik vou ek die verlede toe
2. knyp sy vlerk tussen duim en vinger vas
3. tot hy veilig deur 'n gleuf in die geskiedenis glip
4. en anderkant
5. wonderbaarlik
6. vry
7. die duif van vrede sy blou vlerke sprei

8. sodat my nuutgebore stem na woorde smag
9. om 'n lied vir my land
10. soos 'n vlag aan die tong te laat sweef
11. bo die geruislose val van skanse van die vel

12. sodat ek vry uit die vervreemding tree
13. om in die oë van vergetenes en langverlorenes
14. uiteindelik myself te kan sien
15. soos iemand wat ek nooit geken het nie

16. om aan hulle die hand te gee
17. en te voel hoe vlees en vlees ontmoet

## TERMINOLOGIE: GEDIGTE

| Term | Definisie |
|---|---|
| **Halfrym** | **Alliterasie en assonansie** |
| Alliterasie | Woorde in ’n versreël begin met dieselfde konsonant |
| **Assonansie** | **Woorde in ’n versreël bevat dieselfde vokaal** |
| Beeldspraak | Metafoor, personifikasie en vergelyking |
| **‘n Simbool** | **Iets letterliks wat ’n figuurlike saak voorstel** |
| Tema | Die sentrale idee/hoofgedagte waaroor ‘n gedig handel. Dit kan dikwels as een woord/ uitdrukking neergeskryf word |
| **Boodskap** | **Die lewenswaarheid of les wat die leser uit die gedig haal.** |
| Alleenplasing | ‘n Woord staan alleen in ‘n versreël |
| **Metonimia (Oornoeming)** | **'n Stylfiguur waarby 'n eienskap wat by iemand of iets hoort, in plaas van daardie persoon of iets gebruik word.<br>Bv. Hy lees Vincent Oliphant (eintlik “die gedigte van Vincent Oliphant”<br>Die soldaat het lood geëet. (Die soldaat is deur ‘n koeël getref)<br>Ek het 'n lekker bord geëet. ( = kos)** |
| Herhaling | Woorde of frases kom meer as een keer in ‘n gedig voor |
| **Enjambement** | **Daar is nie ‘n leesteken aan die einde van ‘n versreël nie, sodat die versreël “oorloop” in ‘n ander versreël** |
| Vrye vers | ‘n Gedig wat nie ‘n vaste strofebou het nie. Die strofes en versreëls is nie ewe lank nie, daar is nie ‘n vaste rymskema nie en min of geen leestekens kom voor. |
| **Stylfigure** | **Woorde word nie in hulle normale of letterlike betekenis en funksie gebruik nie: oksimoron, metonimia, klanknabootsing, hiperbool, kontras, ironie, satire, humor, sarkasme, antiklimaks, klimaks, simboliek, eufemisme, litotes, paradoks, sinekdogee, sinestesie, antitese, antonomasia, elisie, woordspeling** |

## Die opstelvraag oor 27 April 1994

**Opdrag**:

In die gedig *27 april 1994* word halfrym, beeldspraak en stylfigure ingespan om die tema van vryheid te beklemtoon. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 150 – 200 woorde. [10]

**Stappe by die skryf van die opstelvraag:**

**1)** **Lees** die vraag deur om te bepaal waaroor jy moet skryf.

**2)** **Ontleed** die vraag om seker te maak jy gaan al die vereistes insluit:
Hoe
- halfrym
- beeldspraak en
- stylfigure

die tema van vryheid beklemtoon

3) Nou skryf jy die opstel na gelang van die vraag. (eers rofwerk)

4) Gebruik die volgende skryfwyses:
- Die spreker noem reeds in versreël 1, bv. 'vou ek die verlede toe' dat ...
- In versreël 8 verwys die spreker na sy "nuutgebore stem" wat ...
- Begin met die aanhaling: bv. "vergetenes en langverlorenes" (versreël 13) wys daarop dat ...

5) Onthou ook:
- **Inleidende sin**
- Ten minste 3 – 4 **paragrawe** (Die aantal paragrawe word deur die vereistes van die vraag bepaal.)
- **Slotsin**

**6)** **Proeflees** altyd jou finale skryfstuk.

## Moontlike antwoord: Opstelvraag oor 27 April 1994

**Inleiding**: Skryf ‘n gepaste inleiding

Die alliterasie van die v-klank sluit aan by die tema van vryheid. Voorbeelde daarvan is: “vou ek die verlede toe” in versreël 1, “vry uit die vervreemding tree” in versreël 12) en “voel hoe vlees en vlees ontmoet” in versreël 17.

Die g-alliterasie in versreël 3 (“deur 'n gleuf in die geskiedenis glip”) sluit aan by die idee van die geskiedenis wat verby is en die vryheid wat moeiteloos aanbreek.

Die metafoor in versreël 2 (“knyp sy vlerk”) stel die verlede gelyk aan ’n voël wat ingeperk word. Deur die verlede in te perk, word die vryheid moontlik gemaak.

“'n lied vir my land / soos 'n vlag aan die tong” (versreël 8 en 9) is ’n vergelyking waarin die spreker se vreugde en landstrots duidelik blyk. Die vlag is ook ’n teken dat die land nou vry is.

Die gebruik van die woord “vlees” in versreël 17) is ’n voorbeeld van metonimia. “vlees” word in die plek van die woord “mens” gebruik. Hierdie metonimia dui aan hoe sag en weerloos mense teenoor mekaar optree noudat die land vryheid bereik het.

**Slot**: Skryf ‘n gepaste slot

Dink jy al die aspekte is genoegsaam bespreek? Is daar ander voorbeelde van halfrym, beeldspraak en stylfigure wat jy in jou opstel sou gebruik?

**Rubriek vir die nasien van die opstelvraag:**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD**<br><br>**Interpretasie van onderwerp**<br>**Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks**<br><br>**6 PUNTE** | 5 – 6 | 4 | 3 | 2 | 0 – 1 |
| | - Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>- Uitstekende begrip van die genre en gedig | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | - Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>- Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>- Basiese begrip van genre en gedig | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>- Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>- Onvoldoende begrip van genre en gedig | - Geen begrip van die onderwerp nie<br>- Geen verwysing na die gedig nie<br>- Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL**<br><br>**Struktuur, logiese vloei en aanbieding**<br>**Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel**<br><br>**4 PUNTE** | 4 | 3 | 2 | 1 | 0 – 1 |
| | - Samehangende struktuur<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>- Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | - Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>- Vloei van argumente kan gevolg word<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | - Enkele bewyse van struktuur<br>- 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>- Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | - Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>- Argumente nie logies gerangskik nie<br>- Taalfoute beduidend<br>- Toon en styl nie geskik nie | - Struktuur swak<br>- Ernstige taalfoute<br>- Foutiewe styl |

## OPSOMMING VAN DIE LESSE IN HIERDIE BOEKIE

- By Leesbegrip moet jy met ’n potlood in die hand lees om kantnotas te maak.
- Verbale aspekte = die woorde
- Visuele aspekte = die prente/ beelde/ lyne
- ’n Bywoordelike bepaling kan tyd, plek, manier of rede aandui.
- Die antwoord op die vraag WAT+Hoofsin = die ONDERWERPSIN
- De antwoord op die vraag Hoofsin+WAT? = die VOORWERPSIN
- Ontleed die opstelvraag om seker te maak jy sluit al die vereistes in.